1

Kom ons speel, leer en groei saam

Ek!

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

unicef
for every child

Ek is ek. Ek is spesiaal. My familie is baie lief vir my.

As ‘n kind pasgebore is, sien, hoor en leer sy/hy baie dinge.

Meeste van die vroeë ontwikkelingsleer vind plaas vanaf geboorte tot drie jaar.

Positiewe ervarings, soos omhelsing en praat, dra by tot die ontwikkeling van die kind se brein.

Kom ons druk en praat elke dag met ons kinders!

Ek het ‘n pragtige naam. Dit is spesiaal.

Kinders moet hulle name waardeer.

Kinders hou daarvan om prente van hulself te teken.

Kinders moet vertel word hoekom hulle name spesiaal

Kom ons vertel ons kinders stories oor hulself en hulle name.

Ek is ‘n Suid-Afrikaanse kind.

Kinders moet geleer word van die Suid-Afrikaanse simbole.

Elke Suid-Afrikaanse kind moet ‘n geboortesertifikaat hê.

Kinders moet vroeg in hulle lewe geleer word van hulle Suid-Afrikaanse identiteit.

Kom ons praat met ons kinders oor hulle erfenis en waar hulle vandaan kom in Suid-Afrika!

Gesonde kos help dat my brein groot en sterk groei!

'n Kind se brein groei baie vinnig vanaf geboorte tot drie jaar.

Goeie voeding is baie belangrik vir breinontwikkeling.

Elke kind moet elke dag baie voedsame kos kry.

Kom ons gee ons kinders elke dag goed voorbereide, gesonde kos!

Ek kan my familie help.

Jong kinders hou partykeer daarvan om aan volwas-se huiswerkies deel te neem.

Jong kinders is gewoonlik nie bewus van geslagsrolle nie.

Kinders geniet dit om op ‘n spelerige manier deel te wees van familie-aktiwiteite.

Kom ons moedig ons kinders aan om by die huis te speel!

As ek siek is, sorg my familie vir my.

Pasgebore kinders kry hulle “Pad na Gesondheid”-kaarte.

Ouers moet die “Pad na Gesondheid”-kaart op ‘n veilige plek bewaar.

Jong kinders moet na mediese fasiliteite geneem word vir gesondheidstoetse en die nodige immunisasies.

Kom ons maak seker dat ons kinders gereeld hulle gesondheidstoetse kry.

Ek hou baie daarvan om te teken en te verf en te “skryf”.

As kinders begin leer om te sit, kan hulle stokke en potlode vasgryp.

Kinders hou daarvan om op ‘n vroeë ouderdom op oppervlaktes te krap.

Kinders voel aangemoedig om skryfvaardighede te ontwikkel as hulle geprys word as hulle krap, teken of verf.

Kom ons bied geleenthede vir ons kinders om te krap, verf of teken.

Ek hou daarvan om met nommers en patrone te speel.

As hulle leer om te praat, hou kinders daarvan om dinge om hulle te tel.

Kinders identifiseer patrone en vorms in hulle omgewing.

Kinders kan nommers en vorms herken deur by-passende aktiwiteite.

Kom ons teken en praat oor patrone en vorms met ons kinders.

Ek hou baie daarvan om na stories te luister!



Kinders hou daarvan as jy vir hulle stories vertel.

Die stories kan wees oor hulle families, hulself of waar hulle familie bly.

Kinders geniet dit as jy vir hulle stories lees.

Kom ons spandeer tyd om vir ons kinders stories te lees en te vertel.

Ek hou baie daarvan om te praat en te sing en te lag.

Sang moedig kinders aan om nuwe woorde aan te leer.

Dans kan gebruik word as ‘n vorm van oefening vir kinders.

Dit help kinders om ‘n gevoel van verwantskap te ontwikkel as jy met hulle praat.

Kom ons maak tyd om met ons kinders te praat, te sing en te dans!



sirkel

Original English text by *Margaret Irvine* (commissioned by the DBE and UNICEF) • Photos and artwork: Shutterstock
Department of Basic Education, Directorate: Early Childhood Development, Private Bag X895, Pretoria, 0001 (www.education.gov.za)
UNICEF, P.O. Box 4884, Pretoria 0001, Republic of South Africa (www.unicef.org/southafrica)